

MITRON SC

BEFORE USING THIS PRODUCT, READ THE LABEL CAREFULLY										
GEBRUIKSAANWYSINGS INGESLUIT VERWYS NA BESONDERHEDE SOOS OP HOUER / SAK GEDRUK Lotnommer Datum van vervaardiging	MITRON SC HERBICIDE 									
	Reg. No. L10922, Act/Wet No. 36 of/van 1947 1: 22/10/2020									
	A selective suspension concentrate herbicide with foliar and root activity for the control of weeds in the crops as indicated. 'n Selektiewe suspensie konsentraat onkruidodder met blaar- en wortelopname vir die beheer van onkruid op gewasse soos aangedui.									
	<table border="1" style="width: 100%; text-align: center;"> <tr> <th style="background-color: #800080; color: white;">HRAC HERBICIDE GROUP CODE</th> <th style="background-color: #800080; color: white;">C1</th> <th style="background-color: #800080; color: white;">HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE</th> </tr> <tr> <td colspan="3" style="background-color: #800080; color: white;">ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL</td> </tr> <tr> <td>Metamitron (triazinone)</td> <td>700 g/l</td> <td>Metamitron (triasinoon)</td> </tr> </table>	HRAC HERBICIDE GROUP CODE	C1	HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE	ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL			Metamitron (triazinone)	700 g/l	Metamitron (triasinoon)
	HRAC HERBICIDE GROUP CODE	C1	HRAC ONKRUIDDODER GROEPKODE							
ACTIVE INGREDIENT / AKTIEWE BESTANDDEEL										
Metamitron (triazinone)	700 g/l	Metamitron (triasinoon)								
Registration Holder / Registrasiehouer Meridian Agrochemical Company (Pty.) Ltd. / (Edms.) Bpk. Reg. No. 2000/010819/07 P.O. Box / Posbus 436, Modderfontein, 1645, South Africa / Suid-Afrika										
 UN Number: 3082      HARMFUL / SKADELIK   										
DIRECTIONS FOR USE ENCLOSED REFER TO DETAILS AS PRINTED ON CONTAINER / BAG Batch Number Date of manufacture										

WARNINGS

- Do not graze treated areas.
- Harmful if swallowed.
- Poisonous to fish and other aquatic organisms.
- Keep out of reach of children, animals and uninformed people.
- Store under lock and key in a cool (5 – 30 °C) dry, well-ventilated area away from food, feed, seed, fertilizers and other types of agricultural remedies.
- Do not spray over, or allow any spray drift to contaminate, water and adjacent areas.
- Comply with the instructions for use in order to avoid risks to man and the environment.
- Store in the original, tightly closed container away from sun and damp.
- **Re-entry:** Do not enter the treated area until the spray deposit has dried after treatment unless wearing protective clothing.
- **MITRON SC** has been tested on the most important commercial cultivars. More susceptible cultivars may be released in the future which need to be tested; for this, apply **MITRON SC** to a limited test area before commercial applications are made.

Although this remedy has been extensively tested under a large variety of conditions, the registration holder does not warrant that it will be effective under all conditions. The activity and effect thereof may be affected by factors such as abnormal soil, climatic and storage conditions, quality of dilution water, compatibility with other substances not indicated on the label and the occurrence of resistance of the weed against the remedy, as well as by the method, time and accuracy of application. The registration holder furthermore does not accept responsibility for damage to crops, vegetation, the environment or harm to man or animal, or for lack of performance of the remedy concerned due to failure by the user to follow the label instructions, or to the occurrence of conditions which could not have been foreseen in terms of the registration. Consult the supplier in the event of any uncertainty.

PRECAUTIONS

- Wash immediately with cold, clean water and soap after skin contact.
- Avoid contact by mouth.
- Wear protective clothing (coveralls, face shield and impermeable gloves) while handling this product.
- Do not inhale fumes or spray mist.
- Do not smoke, eat or drink whilst handling this product or before washing hands and face and changing clothes.
- In case of eye contact, immediately flush with plenty of running water.
- Avoid spray drift onto other crops, grazing, rivers, dams or other areas not under treatment.
- Product must be stored sealed in the original product container.
- Rinse the empty container three times with a volume of water equal to a minimum of 30% of the volume of that container. Add the rinsate to the contents of the spray tank.
- Clean all equipment thoroughly following use and dispose of the wash water where it will not pollute the environment or contaminate crops, grazing, rivers or dams (
- Keep children and animals away from stacked and waste material.
- Destroy the empty container by perforation and dispose of it in a safe way in accordance with local regulations. Do not use it for any other purpose.

SYMPTOMS OF HUMAN POISONING

Possible giddiness or, in severe cases, coma if the product has been swallowed.

FIRST AID TREATMENT

Inhalation: Remove the patient from the source of contamination to fresh air. Apply artificial respiration if required. **Seek medical assistance.**

Ingestion: Wash out the patients mouth with copious amounts of water if the patient is alert and able. Never give anything by mouth to an unconscious person.

Skin contact: Remove contaminated clothing and wash contaminated body parts with cold water and non-abrasive soap.

Eye contact: Wash out eyes with clean running water while the eyelids are held open. **Seek medical assistance.**

NOTE TO PHYSICIAN

There is no specific antidote. Treat symptomatically and supportively.

MODE OF ACTION

MITRON SC is a photosynthetic electron transport inhibitor at the photosystem II receptor site. Metamitron is a selective systemic herbicide, absorbed predominantly by the roots, but also by the leaves, with translocation acropetally.

USE RESTRICTIONS

- Weed control may not be acceptable on soils with a pH > 7.
- Avoid application of **MITRON SC** on soils with a high lime content, where brackish areas are present, or where liming was carried out without soil incorporation.
- The pH of the **MITRON SC** spray solution should preferably be between 5 and 6, but definitely not exceeding 7.
- **MITRON SC** is taken up mainly by the roots of target weeds and should therefore be applied pre-emergence of the weeds.
- **MITRON SC** applied post-emergence of the weeds should be applied as a follow-up application following a pre-emergent application of **MITRON SC**. A post-emergent application of **MITRON SC** only may lead to erratic or unacceptable weed control.
- A suitable, highly refined paraffinic food grade white mineral oil adjuvant should be used in the spray mixture at the recommended application rate whenever **MITRON SC** is applied as a post-emergent application.
- Do not apply to any crop or situation not mentioned in this label.
- Do not apply this product in combination or tank mixture with any other product or agricultural remedy which is not specifically listed on this label. Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd accepts no responsibility for any negative effects experienced if the instructions on this label are not adhered to, unless a Meridian representative was consulted beforehand.
- Do not apply **MITRON SC** to crops under stress from drought, water logging, cold, pests and / or diseases or other factors which reduce plant growth.

MINIMUM RE-CROPPING INTERVAL AND CROP ROTATION GUIDELINES

Crop	Months
Crops other than beetroot or sugar beet	4

A deep ploughing operation is recommended after the 4 month (16 week) waiting period has expired before any crop other than beetroot or sugar beet is planted.

RESISTANCE WARNING

For resistance management, **MITRON SC** is a group code C 1 herbicide. Any weed population may contain individuals naturally resistant to **MITRON SC** and other Group Code C 1 herbicides. These resistant individuals can eventually dominate the weed population if these herbicides are used repeatedly. These resistant weeds may not be controlled by **MITRON SC** or any other group code C 1 herbicide.

To delay herbicide resistance:

- Integrate tillage, other mechanical control methods or spraying of non-selective herbicides during the fallow period or prior to planting, into weed control programs whenever practical, but not in a tank mix with **MITRON SC**.
- Avoid exclusive repeated use of herbicides from the same herbicide Group Code. Alternate or tank mix with registered products from different herbicide Group Codes.
- Integrate other control methods (chemical, cultural, biological) into weed control programmes.
- Maintain herbicide-use records and documents for each field.

For specific information on resistance management contact the registration holder of this product.

The presence of resistant weeds is difficult to detect prior to use and, therefore, neither the Registration Holder nor the Distributor can accept responsibility for any losses because of **MITRON SC** not controlling resistant weeds. Do not apply **MITRON SC** alone in situations where weed resistance has been

confirmed. Sub-standard application of **MITRON SC** will lead to inferior weed control and may assist in development of herbicide resistance. It is of the utmost importance to inspect treated areas at regular intervals to identify the occurrence of herbicide-resistant weeds timeously.

A local farm strategy for preventing and managing resistance should be adopted, Guidelines have been produced by the Herbicide Resistance Action Group (HRAC) and copies are available from HRAC, your distributor or agents, independent crop advisor or Meridian Agritech.

DIRECTIONS FOR USE

Use only as directed.

COMPATIBILITY

The compatibility of **MITRON SC** with other products depends on the formulations of the respective products as well as the quality of the spray water to be used. As formulations change from time to time it is recommended that a physical compatibility test be done prior to the tank mixture being made. Do not mix with any products not listed in this label.

When using other products in combination with **MITRON SC**, always consult the labels of those products regarding directions and restrictions for their application and crop rotation recommendations.

Consult a Meridian Agritech representative for details.

MIXING INSTRUCTIONS

Half-fill the spray tank with suitable water. Mix the required quantity of **MITRON SC** in a small quantity of clean water and pour this into the spray tank. Fill the spray tank to the desired volume. **Tank mixtures must be sprayed out immediately and not allowed to stand in the spray tank overnight.** Should tank mixtures with other herbicides be made, follow the respective manufacturers' label recommendations.

Ensure constant and thorough agitation during mixing and spray operations.

APPLICATION METHODS

Pre-emergence:

MITRON SC must be applied to a weed free, moist, even, firm and fine seedbed without any clods or excessive plant rests. This should be done directly after planting. The application may be done by means of any suitable medium or high-volume sprayer, provided it is fitted with flat fan nozzles, it is correctly calibrated, fitted with an efficient agitation system and is able to distribute the spray evenly over the target area. A minimum 200 l water per ha is recommended. A minimum of 10 mm of rain or irrigation is needed to leach the product into the soil before the weeds start to germinate. A pre-emergence application of **MITRON SC** can be followed by a post-emergence application if required.

Post-emergence:

Some broadleaf weeds which are in the 2-6 leaf stage, as well as some grasses which have not yet developed past the 4-leaf stage, can be controlled by a post-emergence application of **MITRON SC** as a follow-on application following a pre-emergence application of **MITRON SC**. At the time of the post-emergence application, weeds should be actively growing and should not be subject to any stress conditions. The **MITRON SC** can be applied by means of any suitable medium to high volume sprayer which is fitted with an efficient agitation mechanism, is correctly calibrated and is able to distribute the spray solution evenly over the target area. The beetroot or sugar beet should be in at least the true 2 leaf stage when a post-emergence application is made and should not be exposed to any stress conditions. When a post-emergence application is made, an adjuvant based on a mineral oil at label rates is recommended.

RECOMMENDATIONS

CROP / PEST	APPLICATION RATE	REMARKS
BEETROOT	Pre-emergence 4.0 l / ha	Apply in at least 200 l water per ha onto a clean, moist, even, firm, and fine seedbed without excessive plant rests. A minimum of 10 mm of rain or irrigation is required within 5 days following application. If required, a pre-emergence application may be followed by a post-emergence application at 2.0 l / ha.
	Post-emergence: 2.0 l / ha	Apply in at least 200 l water per ha. Broadleaf weeds should be in the 2 – 6 leaf stage and susceptible grasses should not have developed passed the 4 – leaf stage at the time of the application. The beetroot should be in at least the true 2 leaf stage. It is recommended that a suitable adjuvant such as Paraffoil is used with MITRON SC at label rates.
SUGAR BEET	Pre-emergence 4.0 – 6.0 l / ha	Apply in at least 200 l water per ha, directly after planting, onto a clean, moist, even, firm and fine seedbed without excessive plant rests. A minimum of 10 mm of rain or irrigation is required within 5 days following application. Use the higher dosage rate if the clay percentage exceeds 20%, or where longer residual activity is required. If required, a pre-emergence application may be followed by one or more post-emergence applications.
	Post-emergence: 2.0 – 4.0 l / ha	Apply in at least 200 l water per ha. Broadleaf weeds should not have developed passed the 6-leaf stage and susceptible grasses should not have developed passed the 4-leaf stage at the time of the application. The sugar beet should be in at least the true 2 leaf stage. Use the lower rate if the application is a follow-on to a pre-emergence application. The post-emergence application may be repeated if necessary. It is recommended that a suitable adjuvant such as Paraffoil is used with MITRON SC at label rates.

WEEDS CONTROLLED BY MITRON SC:

Pre-emergence:

The following weeds are normally controlled by **MITRON SC**

Broadleaf weeds:

Scientific name	Common name
<i>Amaranthus hybridus</i>	Common pigweed
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Datura ferox</i>	Large thorn-apple
<i>Emex australis</i>	Spiny emex
<i>Lepidium bonariensis</i>	Pepper weed
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane

Grasses

Scientific name	Common name
<i>Eleusine indica</i>	Indian Goosegrass

Post-emergence:

The following weeds are normally controlled by **MITRON SC**

Broadleaf weeds:

Scientific name	Common name
<i>Chenopodium album</i>	White goosefoot
<i>Datura ferox</i>	Large thorn-apple
<i>Emex australis</i>	Spiny emex
<i>Lepidium bonariensis</i>	Pepper weed
<i>Portulaca oleracea</i>	Purslane
<i>Schukuhria pinnata</i>	Dwarf marigold

Grasses

Scientific name	Common name
<i>Eleusine indica</i>	Indian Goosegrass

ACKNOWLEDGEMENT OF TRADEMARKS**PARAFFOIL**

Meridian Agrochemical Company (Pty) Ltd.

WAARSKUWINGS

- Moenie behandelde gebiede laat bewei nie.
- Skadelik indien ingesluk.
- Giftig vir visse en ander waterorganismes.
- Hou buite bereik van kinders, diere en oningeligte persone.
- Bêre agter slot-en-grendel in 'n koel (5 – 30°C), droë, goed-geventileerde area weg van voedsel, voer, saad, kunsmis en ander tipes landboumiddels.
- Moenie bo-oor water of aangrensende gebiede spuit, of toelaat dat wegdrywing van spuitnewel hierdie gebiede besoedel nie.
- Daar moet aan die gebruiksaanwysings voldoen word sodat risiko's teenoor mens en omgewing vermy kan word.
- Bêre in die oorspronklike, digsluitende houer weg van sonlig en klammigheid.
- **Herbetreding:** Moenie behandelde gebied betree alvorens spuitneerslag droog is nie, tensy beskermende oorklere gedra word.
- **MITRON SC** is sonder enige fitotoksiseitskade op die mees belangrikste kommersiële kultivars getoets. Meer sensitiewe kultivars mag in die toekoms vrygestel word wat eers getoets moet word; hiervoor moet **MITRON SC** eers op 'n klein toetsoppervlakte angewend word, alvorens groot kommersiële bespuitings gemaak word.

Alhoewel hierdie middel omvattend onder 'n groot verskeidenheid toestande getoets is, waarborg die registrasiehouer nie dat dit onder alle toestande doeltreffend sal wees nie. Die werking en doeltreffendheid daarvan kan beïnvloed word deur faktore soos abnormale grond-, klimaats- en bergingstoestande; kwaliteit van verdunningswater, verenigbaarheid met ander stowwe wat nie op die etiket aangedui word nie en die voorkoms van weerstand van die onkruid teen die betrokke middel, sowel as die metode, tyd en akkuraatheid van die toediening. Verder aanvaar die registrasiehouer nie verantwoordelikheid vir skade aan gewasse, plantegroei, die omgewing of vir nadelige invloede op mens of dier of vir 'n gebrek aan prestasie van die betrokke middel as gevolg van die versuim van die gebruiker om etiketaanwysings na te kom, of as gevolg van die ontstaan van toestande wat nie kragtens die registrasie voorsien kon word nie. Raadpleeg die verskaffer in die geval van enige onsekerheid.

VOORSORGMATREËLS

- Was onmiddellik met koue, skoon water en seep na velkontak.
- Vermoë mondkontak.
- Dra beskermende klere (oorklere, gesigmasker en ondeurdringbare handskoene) terwyl produk hanteer word.
- Moenie dampe of spuitnewel inasem nie.
- Moenie rook, eet of drink tydens hantering van die produk of voordat hande en gesig gewas is en skoon klere aangetrek is nie.
- In geval van oogkontak, spoel onmiddellik met genoegsame lopende water.
- Vermoë die oorwaai van spuitnewel na ander gewasse, weidings, riviere, damme en ander gebiede wat nie onder behandeling is nie.
- Die produk moet geseël in die oorspronklike houer gestoor word.
- Spoel die houer **drie keer** uit met 'n volume water gelykstaande aan 'n minimum van 30% van die inhoud van die houer. Gooi die spoelwater by die inhoud van die spuittenk.
- Maak toedieningsapparaat deeglik na gebruik skoon en raak ontslae van die uitspoelwater waar dit nie die omgewing, gewasse, weidings, riviere of damme sal besoedel nie.
- Hou kinders en diere weg van opgestapelde houters en afvalmateriaal.
- Vernietig leë houters deur gate daarin te maak en volgens plaaslike regulasies veilig daarvan ontslae te raak. Moet dit vir geen ander doel gebruik nie.

SIMPTOME VAN MENSLIKE VERGIFTIGING

Moontlike duiseligheid, en in erge gevalle, koma indien die produk ingesluk word.

NOODHULPBEHANDELING

Inaseming: Beweeg die pasiënt van die bron van besoedeling na vars lug. Dien kunsmatige asemhaling toe indien nodig. **Verkry mediese hulp.**

Ingesluk: Was die pasiënt se mond uit met groot hoeveelhede water indien die persoon wakker en by bewussyn is. Moet nooit iets per mond aan 'n bewustelose persoon ingee nie.

Velkontak: Verwyder besoedelde klere en was besoedelde liggaamsdele met koue water en nie-skurende seep.

Oogkontak: Spoel oë uit met skoon lopende water terwyl die ooglede oopgehou word. **Verkry mediese hulp.**

NOTA AAN GENEESHEER

Geen spesifieke teenmiddel. Behandel simptome en ondersteunend.

METODE VAN WERKING

MITRON SC is 'n fotosintetiese elektronoordrag-inhibeerder by die fotosisteen II reseptorarea. Metamitron is 'n selektiewe sistemiese onkruidodder wat hoofsaaklik deur die wortels geabsorbeer word, maar ook deur die blare, met translokale akropetale werking.

GEBRUIKSBEPERKINGS

- Onkruidbeheer mag op gronde met 'n pH > 7 nie aanvaarbaar wees nie.
- Vermoed toediening van **MITRON SC** op gronde met 'n hoë kalkinhoud, waar brakkolle voorkom, of waar bekalking gedoen is en dit nie in die grond ingewerk is nie.
- Die pH van die **MITRON SC** spuitoplossing moet verkieslik tussen 5 and 6 wees, maar nie 7 oorskry nie.
- **MITRON SC** word hoofsaaklik deur die wortels van teikenonkruid opgeneem en moet dus vooropkoms van die onkruid toegedien word.
- 'n Na-opkomstoediening van **MITRON SC** moet altyd as 'n opvolg van 'n vooropkomstoediening van **MITRON SC** gedoen word. Indien slegs 'n na-opkomstoediening van **MITRON SC** gemaak word, sal dit tot wisselvallige en swak beheer van onkruid lei.
- 'n Geskikte, hoogs suiwer paraffiniese voedselgraad wit minerale olie byvoegmiddel moet in die spuitmengsel gebruik word teen die aanbevole dosis wanneer **MITRON SC** as 'n na-opkomstoediening aangewend word.
- Moenie op enige gewas of situasie aanwend wat nie in die voorskrifetiket verskyn nie.
- Moenie hierdie produk in kombinasie of tenkmengsel met enige ander produk of landboumiddel gebruik wat nie spesifiek op hierdie etiket gelys is nie. Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk. aanvaar geen verantwoordelikheid vir enige negatiewe gevolge indien die instruksies op die etiket nie nagekom word nie, tensy 'n Meridian verteenwoordiger vooraf geraadpleeg is.
- Vermoed toediening van **MITRON SC** op gewasse wat onder stremmingstoestande verkeer a.g.v. droogte, versuipde gronde, koue, peste en/of siektes of enige ander faktore wat plantgroei sal verminder.

MINIMUM WAGPERIODE EN GEWASROTASIE RIGLYNE

Gewas	Maande
Gewasse buiten beet en suikerbeet	4

'n Diep ploegbewerking word aanbeveel nadat die 4 maande (16 weke) wagperiode verstryk het, voordat enige gewas dan beet of suikerbeet weer aangeplant kan word.

WEERSTANDSWAARSKUWING

Vir weerstandsbestuur is **MITRON SC** 'n groepkode C1 onkruidodder. Enige onkruidpopulasie mag individue insluit wat 'n natuurlike weerstand teen **MITRON SC** of enige ander groepkodes C1 onkruidodders het. Die weerstandbiedende individue kan uiteindelik die onkruidpopulasie oorheers indien hierdie onkruidodders herhaaldelik gebruik word. Hierdie weerstandbiedende onkruid sal waarskynlik nie deur **MITRON SC** of enige ander groepkodes C1 onkruidodders beheer word nie.

Om weerstand teen onkruidodders te vertraag:

- Integreer bewerking, ander meganiese beheermaatreëls of die spuit van nie-selektiewe onkruidodders gedurende die braakseisoen of voor plant, in onkruidbeheerprogramme indien prakties moontlik, maar nie in 'n tenkmengsel met **MITRON SC** nie.
- Verminder die eksklusiewe herhaaldelike gebruik van onkruidodders met dieselfde groepkode. Wissel af met, of gebruik tenkmengsels van, produkte in verskillende onkruidoddergroepkodes.
- Integreer ander beheermaatreëls (chemies, verbouing, biologies) in onkruidbeheerprogramme.
- Hou onkruidodderrekords van elke land.

Vir spesifieke inligting oor weerstandsbestuur, kontak die registrasiehouer van hierdie produk.

Dit is moeilik om die teenwoordigheid van weerstandbiedende onkruid voor gebruik te bepaal en daarom kan nog die Registrasiehouer nog die Verpreider verantwoordelikheid aanvaar vir verliese a.g.v. **MITRON SC** wat nie die weerstandbiedende onkruid beheer nie. Moenie **MITRON SC** op sy eie toedien in situasies waar onkruidweerstand bevestig is nie. Substandaard toedienings van **MITRON SC** sal tot verswakte onkruidbeheer lei en mag tot die ontwikkeling van onkruidodder weerstandigheid bydra. Dit is uiters belangrik om die behandelde gebiede noukeurig te ondersoek om te verseker dat onkruidodder weerstandige onkruid betyds geïdentifiseer word.

'n Plaaslike plaasstrategie vir die voorkoming en bestuur van weerstand moet aangeneem word. Riglyne is deur die "Herbicide Resistance Action Group (HRAC)" opgestel en kopieë daarvan is by HRAC, jou verspreider of agent, onafhanklike gewasadviseur of by Meridian Agritech beskikbaar.

GEBRUIKSAANWYSINGS

Gebruik slegs soos aangedui.

VERENIGBAARHEID

Die verenigbaarheid van **MITRON SC** met ander produkte hang van die formulerings van die betrokke produkte af, asook die kwaliteit van die spuitwater wat gebruik word. Omdat formulerings van tyd tot tyd kan verander, word dit aanbeveel om 'n fisiese verenigbaarheidstoets uit te voer voordat die tenkmengsel gemaak word. Moenie met enige ander produkte meng wat nie in hierdie etiket verskyn nie.

Indien ander produkte saam met **MITRON SC** gebruik word, moet die etikette van daardie produkte geraadpleeg word vir die aanwysings en beperkings op toedienings en gewasrotasie-aanbevelings.

Raadpleeg 'n Meridian Agritech verteenwoordiger vir besonderhede.

MENGINSTRUKSIES

Maak die spuittenk halfvol met geskikte water. Meng die verlangde hoeveelheid **MITRON SC** saam met 'n klein bietjie skoon water en gooi dit in die tenk. Maak die spuittenk tot die verlangde volume vol. **Tenkmengsel moet onmiddellik uitgespuut word en nie toegelaat word om oornag in die spuittenk te staan nie.** Indien tenkmengsels met ander onkruidodders gemaak is, moet die onderskeie vervaardigers se etiketaanbevelings geraadpleeg word.

Verseker konstante en deeglike roering tydens vermenging en toediening.

TOEDIENINGSMETODES

Vooropkoms:

MITRON SC moet op 'n onkruidvrye, klam, eweredige, ferm en fyn saadbed sonder enige klonte en oormatige plantreste toegedien word. Dit moet direk na plant geskied. Die toediening mag deur enige geskikte medium tot hoë-volume spuitapparaat, toegerus met platwaaierspuitte toegedien word, mits dit korrek gekalibreer is en met 'n effektiewe roermeganisme toegerus is en in staat is om die spuitmengsel egalig oor die teikengebied te versprei. 'n Minimum van 200 l water per ha word aanbeveel. 'n Minimum van 10 mm reën of besproeiing is nodig om die produk in die grond in te loog voor die ontkieming van die onkruid. 'n Vooropkomstoediening van **MITRON SC** kan met 'n na-opkomstoediening opgevolg word, indien dit nodig sou wees.

Na-opkoms:

Sommige breëblaaronkruid wat in die 2 tot 6-blaarstadium is en grasse wat nog nie verder as die 4-blaarstadium ontwikkel het nie, kan deur 'n na-opkomstoediening van **MITRON SC** as 'n opvolgbespuiting na die vooropkomstoediening van **MITRON SC** beheer word. Onruid moet ten tyde van die na-opkomstoediening aktief groeiend wees en nie aan stremmingstoestande onderhewig wees nie. Die **MITRON SC** toediening mag deur enige geskikte medium tot hoë-volume spuitapparaat toegedien word, mits dit korrek gekalibreer is en met 'n effektiewe roermeganisme toegerus is en in staat is om die spuitmengsel egalig oor die teikengebied te versprei. Die beet en suikerbeet moet ten minste in die ware 2-blaarstadium tydens die na-opkomstoediening wees en moenie aan stremmingstoestande onderworpe wees nie. Wanneer 'n na-opkomstoediening gemaak word, word 'n mineralie olie gebaseerde byvoegmiddel teen etiketdosisse aanbeveel.

AANBEVELINGS

Gewas	DOSIS	OPMERKINGS
BEET	Vooropkoms 4.0 l/ha	Dien direk na plant toe in ten minste 200 l water per ha op 'n onkruidvrye, klam, eweredige, ferm en fyn saadbed sonder oormatige plantreste. 'n Minimum van 10 mm reën of besproeiing binne 5 dae is nodig na die toediening. Indien nodig kan 'n vooropkoms-toediening met 'n na-opkomstoediening van 2.0 l/ha opgevolg word.
	Na-opkoms 2.0 l/ha	Dien toe in ten minste 200 l water per ha. Breëblaaronkruid moet tussen die 2 tot 6-blaarstadium en vatbare grasse moet nie verder as die 4 -blaarstadium met toediening ontwikkel het nie. Die beet moet ten minste in die ware 2-blaarstadium wees. Dit word aanbeveel om 'n geskikte byvoegmiddel soos Paraffoil teen etiketdosisse saam met MITRON SC te gebruik.
SUIKERBEET	Vooropkoms 4.0 – 6.0 l/ha	Dien direk na plant toe in ten minste 200 l water per ha op 'n onkruidvrye, klam, eweredige, ferm en fyn saadbed sonder oormatige plantreste. 'n Minimum van 10 mm reën of besproeiing binne 5 dae is nodig na die toediening. Gebruik die hoër dosis indien die klei-persentasie 20% oorskry, of waar 'n langer nawerking verlang word. Indien nodig kan 'n vooropkoms-toediening deur een of meer na-opkomstoediening opgevolg word.
	Na-opkoms 2.0 – 4.0 l/ha	Dien toe in ten minste 200 l water per ha. Breëblaaronkruid moet tussen die 2 tot 6-blaarstadium en vatbare grasse moet nie verder as die 4 -blaarstadium met toediening ontwikkel het nie. Die suikerbeet moet ten minste in die ware 2-blaarstadium wees. Gebruik die laer dosis as die toediening 'n opvolg na die vooropkomstoediening is. Die na-opkomstoediening mag herhaal word, indien nodig. Dit word aanbeveel om 'n geskikte byvoegmiddel soos Paraffoil teen etiketdosisse saam met MITRON SC te gebruik.

ONKRUIDE DEUR MITRON SC BEHEER:

Vooropkoms:

Die volgende onkruid word normaalweg deur **MITRON SC** beheer:

Breëblaaronkruid:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Amaranthus hybridus</i>	Gewone misbredie
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Lepidium bonariensis</i>	Peperbossie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein

Grasse:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras

Na-opkoms:

Die volgende onkruiide word normaalweg deur **MITRON SC** beheer:

Breëblaaronkruiide:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Chenopodium album</i>	Withondebossie
<i>Datura ferox</i>	Groot stinkblaar
<i>Emex australis</i>	Kaapse dubbeltjie
<i>Lepidium bonariensis</i>	Peperbossie
<i>Portulaca oleracea</i>	Porslein
<i>Schukuhria pinnata</i>	Kleinkakiebos

Grasse:

Wetenskaplike naam	Gewone naam
<i>Eleusine indica</i>	Jongosgras

ERKENNING VAN HANDELSNAME**PARAFFOIL**

Meridian Agrochemical Company (Edms.) Bpk.